LANDBOUWEEKBLAD
28 Mar 2014, p.40



BOEDELBEPLANNING

NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

# Sorg vir naasbestaandes verg kundigheid

'n Aantal slaggate kan voorkom wanneer jy finansiële beplanning doen om geliefdes te versorg. Win dus betyds kundige raad in om dié slaggate te vermy.

Die meeste briewe wat ek van *Landbouweekblad* se lesers kry, gaan oor die versorging vir naasbestaandes. Ongelukkig kom baie te laat, want dan is die skade reeds aangerig.

Ons kyk vandag na een so 'n brief waarin 'n aantal slaggate met finansiële beplanning na vore tree. Die leser skryf dat die afhandeling van haar oorlede pa se boedel nou al twee jaar lank sloer. Die eksekuteur belê die kontant in die boedel by 'n instansie waarin hy na bewering 'n belang het. Haar moeder, aan wie die spreekwoordelike "alles" bemaak is, ly aan Alzheimer se siekte. 'n Prokureur sê daar moet vir haar 'n kurator aangestel word, maar die eksekuteur beweer hulle sal nie suksesvol wees nie.

Dit behoort nie langer as sowat ses maande te duur om 'n eenvoudige boedel af te handel nie. Soms kan daar probleme opduik, soos kinders wat onder mekaar stry en baklei, maar as 'n eksekuteur twee jaar lank sloer, weet hy waarskynlik nie wat hy doen nie. Wat die belê van die geld betref, klink dit vir my asof daar 'n konflik van belange is.

Die eksekuteur moet aan die Meester van die Hof verslag doen. Dít is waar jy jou klag kan indien.

Vir diegene wat nog lewe, is my raad om liewer uit die staanspoor vir jou 'n professionele eksekuteur aan te stel. Vriende en vertrouelinge in lewe is nie noodwendig ook kundig op die gebied van boedeladministrasie nie.

## AANSTEL VAN KURATOR

Die prokureur is reg. As die leser se ma aan Alzheimer se siekte ly, is sy nie bevoeg om haar eie sake te reël nie en moet hulle vir haar 'n kurator aanstel. Al het haar moeder, toe sy gesond was, 'n volmag gegee aan iemand om haar sake te hanteer, sal die volmag verval wanneer sy met Alzheimer se siekte gediagnoseer word.

> Vriende en vertrouelinge in lewe is nie noodwendig ook kundig op die gebied van boedeladministrasie nie.

'n Volmag het net betekenis solank as wat die mens wat die volmag gegee het, in staat is om dit terug te trek. Dit verval outomaties as die mens nie sy/haar eie sake kan hanteer nie, of sterf.

'n Spesiale trust, waaroor ek onlangs hier geskryf het en wat aanleiding tot die leser se vrae gegee het, sou die ideale manier wees om vir haar ma te sorg. 'n Trust ten gunste van iemand wat aan 'n geestessiekte ly, kom in aanmerking as 'n spesiale trust, wat onder meer bepaalde belastingvoordele inhou.

Die probleem in die geval onder bespreking, is dat die leser se ma reeds aan 'n geestessiekte gely het vóór sy die erfenis uit die boedel ontvang het. Sy kan dit dus nie nou aan die trust oordra omdat sy nie meer handelingsbevoeg is nie. Daarom dat 'n kurator, soos haar prokureur sê, die enigste opsie is.

My aanbeveling is om by die Meester aan te klop. Hy kan in sekere gevalle 'n kurator aanstel. Anders moet julle 'n hofaansoek bring. Die kurator – dit kan 'n familielid wees – kan dan 'n trust vir die leser se ma oprig en die eksekuteur aansê om die bates aan die trust oor te dra.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële-risiko-bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**

**KORTOM**

- Stel uit die staanspoor 'n professionele eksekuteur vir jou boedel aan.
- Klagtes oor onbevoegde eksekuteurs kan by die Meester van die Hof ingedien word.
- Dit behoort nie langer as ses maande te duur om 'n eenvoudige boedel af te handel nie.